

## Sondag 7 Junie

**Skrifgedeelte: Handeling 3:11-26**

**Fokusgedeelte: Handeling 3:15-16**

### **Jesus Christus – die Leidsman na die lewe, deur dood heen!**

**W**ie in die Naam van Jesus Christus optree, het altyd iets om te sê vir 'n ongelowige wêreld! Wie gehoorsaam aan Hom, op sy gesag en in sy krag praat en optree, bied die Leidsman na die lewe aan!

Die vraag is: Wat bied ons aan – ons wat die genade en teenwoordigheid van die Here Jesus en sy Gees ontvang het, wat selfs dankbaar-bly vanuit sy redding leef?

Petrus gryp die geleentheid aan om vir die ongelowige skare van Jesus Christus te vertel – nadat nuus van die genesing van die verlamde man soos 'n veldbrand versprei het! Nee, hulle getuig nie van hulle buitengewone krag of eie vroom godsdienstigheid nie. Dit is die werk van die genadige God van die verbond, wat dit deur Jesus gedoen het! *Ja, Jode, dié Jesus van Wie julle so min gedink het dat julle Hom as Messias verwerp en laat doodmaak het ...* God het Hom uit die dood opgewek en só het Hy die Leidsman na die lewe geword. Hy het die greep wat die sonde (en die gevolge van die sonde) op ons en ons wêreld het, verbreek ... en die pad geword na die nuwe lewe met God!

Natuurlik is die (nuwe) lewe wat ons Leidsman gebring het, nie afgehandel met die genesing van die verlamde man nie. Deur die geloof in sy Naam gaan die genesing van ons verlamde wêreld voort – al is Jesus in die hemel! Daarom moet die bekeringsroep steeds weerklink vanuit die mond van die kerk. Selfs twee verskillende woorde (in Grieks) word hiervoor gebruik om die omvattendheid van die bekering te beskryf: 'n innerlike verandering (oor Wie Jesus werklik is) wat sigbaar word in verandering van lewenswandel.

Die gevolge hiervan is heerlik: God sal die sonde van ongelooft uitwis sodat daar nie straf aan die einde verwag word nie, maar 'n verkwikking – 'n troosvolle sekerheid dat Jesus in die hemel bly totdat God alles nuutgemaak het.

Is dit die boodskap wat 'n ongelowige wêreld uit jou mond hoor?

*Sing: Skrifberyming 7-2:1*

*Ds. HC van Rooy (Charl) (Randburg)*